tulbaghskou@telkomsa.net
Posbus 96, Tulbagh, 6820
Tulbagh Skou

TULBAGH SKOU
• EST.1873 •

Geagte Vertoner

## TULBAGH SKOU: 25 – 29 SEPTEMBER 2018

Dit is met groot trots dat ons vanjaar vanaf 25 – 29 September 2018 ons **145ste** landbouskou aanbied. Soos in die verlede sal die skou landbou georienteerd wees met ons hooffokus die perdekampioenskappe. Aangeheg vind ons program en inskrywingsvorm vir die Perde. Ons nooi u hartlik uit om weer vanjaar deel te wees van hierdie geleentheid en sien daarna uit om u op ons skou te ontvang.
Tulbagh Skouvereniging was genoodsaak om sy beleid ten opsigte van inskrywings, toegangsbandjies en voertuigkaartjies te hersien.
**Alle inskrywings vir bogenoemde skou moet voor die tyd gedoen word en perde inskrywings en stalbesprekings moet gedoen word voor of op Vrydag, 7 September 2018 om 12:00 by die skoukantoor. (Geen uitsonderings sal gemaak word nie en geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.)**
Vertoners en stalhulpe kwalifiseer vir aflsag toegangsbandjies. Vertoners wat R50.00 lidmaatskap betaal se toegangsbandjie is ingesluit by hul lidmaatskapgelde. Genoemde persone se besonderhede moet op die inskrywingsvorm aangedui wees.
Voertuie wat toegang tot die skougronde moet verkry se besonderhede moet ook op die inskrywingsvorm aangebring word. Die toegangsbandjies en voertuigkaartjies sal dan in ‘n pakket vorm opgemaak word en moet by ontvangs by die skoukantoor afgehaal word.
Geliewe daarop te let dat geen persone toegang tot die skougronde verleen sal word sonder die fisiese dra van ‘n toegangs-bandjie nie. Die dra van toegangsbandjies is ‘n sekuriteitsreeling en sal streng toegepas word.
Klagtes was ook ontvang dat daar te veel voertuie op die skougronde is gedurende die skou. Die klagte behels dat dit ‘n gevaar skep vir ruiters, perde en toeskouers. Die bestuur was derhalwe genoodsaak om die uitreiking van voertuigkaartjies drasties te verminder. Voertuigkaartjies sal dus slegs uitgereik word volgens die diskresie van die skoukantoor aan voertuie wat werklik op die skougronde moet wees.
Vertoners moet asseblief help om hierdie situasie suksesvol te bestuur deur slegs die nodige voertuigkaartjies aan te vra.

**Geliewe genoemde besluite onder al u lede se aandag te bring om onnodige vertragings en opeenhoping by die hekke en kantoor te voorkom.**

Ons sien daarna uit om u te Tulbagh Skou te ontvang en weereens ‘n skou van hoogstaande gehalte aan te bied.
Geliewe kennis te neem dat as gevolg van die feit dat kaf onbekombaar is daar besluit is om R50.00 per stal te hef om die onkostes te help dra. Jy betaal dus R50.00 per stal wat jy bespreek.
Kontak besonderhede van die perdesameroeper is: JD HUGO – 082 787 0012. Stal besprekings kan by hom gedoen word.

Vriendelike skougroete

……..
nms SKOUBESTUUR